The miracles of science™

HARMONY® M

Reg. No. L3840 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L3840 Wet Nr. 36 van 1947

A water dispersible granule post-emergent herbicide acting through the roots and foliage for the control of broadleaf weeds as listed in wheat, barley, and oats in the winter rainfall region and wheat in the summer rainfall region.

'n Water dispergeerbare fyn korrel na-opkomonkruiddoder wat deur beide wortels en blare opgeneem word, vir die beheer van breëblaar-onkruide, soos aangedui in koring, gars en hawer in die winterreënval-gebied en in koring in die somerreënvalgebied.

SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS

SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

ACTIVE INGREDIENT		**AKTIEWE BESTANDDEEL**
Thifensulfuron (sulfonyl urea)	...680 g/kg....	Thifensulfuron (sulfonielureum)
Metsulfuron methyl (sulfonyl urea)	.....68 g/kg....	Metsulfuronmetiel (sulfonielureum)

Nett Mass **500g** **Netto Massa**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218-8600

UN No. / VN Nr. 3077

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG

Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and HARMONY® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS:

- Die produk mag irritasie van oë, neus, keel en vel veroorsaak.
- Hou buite bereik van kinders.
- Bewaar in 'n koel droë plek.
- Bewaar weg van voedsel en voer.
- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit nie. Indien die aanbevole toedieningshoeveelheid oorskry word, gewasskade mag ontstaan.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestagsie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

<u>VOORSORGMAATREËLS:</u>

1. Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk gebruik word nie.
2. Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
3. Vir veiligheid tydens vermenging:
   - Moet nie die stof inasem nie.
   - Dra oogbeskerming (ten minste 'n bril).
   - Indien die produk in u oë kom, was dit onmiddellik uit.
   - Dra rubberhandskoene.
   - Indien dit op u vel kom was dit dadelik af.
   - Indien dit op u klere mors, trek uit en was dit.
4. Vir veiligheid tydens bespuiting:
   - Vermy kontak met die sproei sover moontlik.
   - Vermy oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
5. Vir veiligheid na bespuiting:
   - Was uself.
   - Trek werksklere uit en was dit.
   - Maak toediener deeglik skoon na gebruik. Gebruik die volgende metode:
     i. Dreineer tenk en spoel tenk, spuitbalk en pype met skoon water uit. Dreineer weer.
     ii. Vul tenk met skoonwater en voeg huishoudelike ammoniak (bevat 3 % aktief) by teen 'n konsentrasie van 1 ℓ per 100 ℓ water. Sirkuleer die ammoniak oplossing deur tenk, spuitbalk en pype vir tenminste 15 min. Dreineer heeltemal.
     iii. Om ammoniak oorblyfsels te verwyder spoel die tenk met skoon water uit en deurspoel die spuitbalk en pype.
     iv. Herhaal (ii).
     v. Spuitkoppe en filtreerders moet verwyder word en apart skoon gemaak word met 'n ammoniakoplossing van dieselfde konsetrasie soos hierbo.
     vi. Enige kontaminasie aan die buitekante van die spuittoerusting moet verwyder word deur dit met skoon water te was.
6. Vermy bespuiting, leegmaak of uitspoeling van toerusting op of naby gewenste bome of plante of binne hul wortelsone.

WEGDOEN VAN LEË HOUERS:

- Houers en verpakkings moet heeltemaal leeggemaak word voordat hulle vernietig word.
- Skud die houer deeglik uit in die toediener se stortbak voordat leë houer vernietig word.

WEERSTANDS STELLING:
Wanneer onkruiddoders met dieselfde reaksiemeganisme vir 'n aantal agtereenvolgende seisoene in 'n land gebruik word, mag seleksie van plante wat 'n natuurlike weerstand teen die tipe onkruiddoder het, plaasvind. Hierdie onkruid-plante vermeerder dan en word dominant. 'n Onkruid is weerstandbiedend teen 'n onkruiddoder as dit nie beheer word deur 'n behandeling wat korrek uitgevoer word teen 'n korrekte dosis en tyd van toediening nie.
Wanneer 'n onkruidspesie weerstandbiedend is teen een sulfonielureum onkruiddoder, kan weerstand teen al sulfonielureum onkruiddoders verwag word.
Die ontwikkeling van weerstand kan voorkom word deur produkte met verskillende reaksiemeganismes, maar dieselfde effek op die onkruidspesie, afwisselend in agtereenvolgende jare te gebruik.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

1. **OPVOLGGEWASSE:**
   - 1.1. **Winterreënvalstreek:**
     GEEN ANDER GEWAS BEHALWE KLEINGRAAN (KORING, GARS, HAWER) MAG BINNE 10 MAANDE NA **HARMONY® M** - TOEDIENING GESAAI WORD NIE. KORING, MAG 1 MAAND NA TOEDIENING GESAAI WORD TERWYL GARS EN HAWER EERS 6 MAANDE NA TOEDIENING GESAAI MAG WORD.
   - 1.2. **Somerreënvalstreek:**
     GEEN GEWAS MAG BINNE 5 MAANDE NA 'n TOEDIENING VAN HARMONY M OP DIE LAND GEPLANT WORD NIE.
2. **TYD VAN TOEDIENING:**
   - 2.1. **HARMONY® M** mag nie toegedien word binne 14 dae na die gebruik van HOELON (Reg. Nr. L796 Wet Nr. 36 van 1947) of PUMA SUPER (Reg. Nr. L3847 Wet Nr. 36 van 1947) op koring of gars nie.
   - 2.2. Moet nie HOELON of PUMA SUPER toedien na 'n bespuiting van **HARMONY® M** nie.
   - 2.3. **HARMONY® M mag nie** toegedien word binne 10 dae voor of na 'n bespuiting van GRASP (Reg. Nr. L3638 Wet Nr. 36 van 1947) nie.
3. **FAKTORE WAT ONKRUIDBEHEER BEÏNVLOED:**
   Wisselvallige beheer of hergroei van onkruide kan voorkom indien een of meer van die volgende toestande heers:
   - 3.1. Enige stremming wat veroorsaak is deur byvoorbeeld droogte, koue, siekte, insekskade of voedingstekort gedurende tyd van toediening of vir 'n periode van 4 weke na toediening.
   - 3.2. By lae plantestand van die gewas.
   - 3.3. In die winterreënvalgebied en die besproeiingsgebiede van die somerreënvalgebied, mag 'n toediening van **HARMONY® M** later as 6 weke na saai lei tot wisselvallige beheer of hergroei van onkruide.
   - 3.4. Oormatige klipbedekking van die grondoppervlak.

   EN/OF

   Ligte suur sanderige gronde wat geneig is om te loog of om te versuip.
   Onder risiko toestande soos beskryf onder 3.4 moet toediening van die onkruiddoder in die winterreënvalstreek nie later as 2 weke na opkom van die onkruid geskied nie.
4. **ONDERGESAAIDE GRAANGEWASSE:**
   Moet nie **HARMONY® M** op ondergesaaides spuit nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS : **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

1. Indien die verskafte maatbeker gebruik word om die aanbevole toedieningshoeveelhede uit te meet, kan ‘n afwyking van tot so groot as 7,5 % voorkom. Vir algehele akkuraathied moet die toedieningshoeveelhede afgeweeg word.
2. **ALGEMEEN:**
   - 2.1. Dien **HARMONY® M** as 'n na-opkommiddel van beide graan en onkruide toe.
   - 2.2. Alhoewel onkruide wat met **HARMONY® M** gespuit word kort na toediening ophou groei en dus kompetisie uitskakel, sal die maksimum effek van die onkruiddoder 28 dae na toediening plaasvind.
   - 2.3. **HARMONY® M** het 'n beperkte nawerking op ontkiemende onkruide . Faktore soos grond-pH, grondvog en onkruidspesies sal die nawerking beînvloed. As genoegsame vog in die grond teenwoordig is, sal 27,5 tot 30g **HARMONY® M** per hektaar beperkte nawerking van tot 40 dae na die eerste toediening bewerkstellig.
   - 2.4. Matige tydelike vergeling van die blare van die gewas en/of verkorting van die strooilengte mag voorkom na toediening, maar sal nie die opbrengs nadelig beïnvloed nie.
   - 2.5. Indien die verskafde maatbeker gebruik word om die aanbevole toedieningshoeveelhede uit te meet, kan 'n afwyking van tot so groot as 7,5% voorkom. Vir algehele akkuraatheid moet die toedieningshoeveelhede afgeweeg word.
3. **KLIMAAT:**

   Dien **HARMONY® M** toe die in OVS slegs nadat die eerste winter-, herfsreën geval het. Die onkruide sowel as die koring moet albei aktief groei. Gewoonlik +/- 3 dae na die winter-, herfsreën geval het, behoort die onkruid sowel as die koring aktief te groei. Gebruik die vingervryftoets om die hoeveelheid sap in die onkruid te bepaal. 'n Druppel sap kan uit die plant gedruk word as die plant aktief groei.
4. **CULTIVARS:**

   HARMONY® M kan op alle koring, gars en hawer cultivars gespuit word.
5. **VERENIGBAARHEID:**
   - 5.1. **HARMONY® M** is NIE verenigbaar met die volgende produkte nie:

GRASP	(Reg Nr. L3638 Wet Nr. 36 van 1947)
HOELON	(Reg Nr. L796 Wet Nr. 36 van 1947)
TILT	(Reg Nr. L1048 Wet Nr. 36 van 1947)

   - 5.2. **HARMONY® M** is mengbaar met die volgende produkte:

     5.2.1. **Winterreënvalstreek:**

ADDIT	(Reg Nr. L3839 Wet Nr. 36 van 1947)
AGRAL 90	(Reg Nr. L2987 Wet Nr. 36 van 1947)
BAYLETON EK	(Reg Nr. L1740 Wet Nr. 36 van 1947)
BLADBUFF	(Reg Nr. L3351 Wet Nr. 36 van 1947)
*KOPEROKSICHLORIED	(Reg Nr. L3376 Wet Nr. 36 van 1947)
EKATIN	(Reg Nr. L3664 Wet Nr. 36 van 1947)
GET-DOWN	(Reg Nr. L3389 Wet Nr. 36 van 1947)
IMPACT	(Reg Nr. L4088 Wet Nr. 36 van 1947)
KELPAK	(Reg Nr. L2414 Wet Nr. 36 van 1947)
LORSBAN EK	(Reg Nr. L3580) Wet Nr. 36 van 1947
MANGAANSULFAAT WS	(Reg Nr. B2223 Wet Nr. 36 van 1947)
METASYSTOX 250 EC	(Reg Nr. L326 Wet Nr. 36 van 1947)
PARATHION EC	(Reg Nr. L3547 Wet Nr. 36 van 1947)
PUNCH C	(Reg Nr. L3626 Wet Nr. 36 van 1947)
ROXION	(Reg Nr. L3548 Wet Nr. 36 van 1947)
SPORTAK EC	Reg Nr. (L2631 Wet Nr. 36 van 1947)
VIGIL	(Reg Nr. L3680 Wet Nr. 36 van 1947)
SINKOKSIED	(Reg Nr. B2227 Wet Nr. 36 van 1947)

   *Toedieningshoeveelhede hoër as 0,5 kg per hektaar in kombinasie met **HARMONY® M** mag blaarvergeling van die gewas veroorsaak.

     5.2.2. Somerreënvalstreek:

ADDIT	(Reg Nr. L3839 Wet Nr. 36 van 1947)
AGRAL 90	(Reg Nr. L2987 Wet Nr. 36 van 1947)
ARMOBLEN 650	(Reg Nr. L4159 Wet Nr. 36 van 1947)
BLADBUFF	(Reg Nr. L3351 Wet Nr. 36 van 1947)

BP AGRIPRON SUPER	(Reg Nr. L3022 Wet Nr. 36 van 1947)
DEMETON	(Reg Nr. L3581 Wet Nr. 36 van 1947)
GET-DOWN	(Reg Nr. L3389 Wet Nr. 36 van 1947)
LORSBAN EK	(Reg Nr. L3580 Wet Nr. 36 van 1947)
METASYSTOX 250 EK	(Reg Nr. L326 Wet Nr. 36 van 1947)
MONOCRON 250	(Reg Nr. L3551 Wet Nr. 36 van 1947)
PARATHION EC	(Reg Nr. L3547 Wet Nr. 36 van 1947)

6. **KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER:**

Gebruik slegs water waarvan die kwaliteit geskik is vir oorhoofse besproeiing . Vermy water waarvan die geleidingsvermoë 1,0 m S/cm oorskry of 'n weerstand laer as 300 ohm en/of 'n pH van groter as 8 het.

7. **MENGINSTRUKSIES:**

7.1. Meng die verlangde hoeveelheid **HARMONY® M** met 'n klein bietjie water tot 'n gladde room sonder enige oorblywende korrels verkry is.

7.2. Maak die spuittenk of vooraf-mengtenk, in geval van lugbespuiting, halfvol met water. Gooi die verroomde produk in die tenk deur 'n sif. Vul dan met water terwyl voortdurend aktief geroer word. Gaan voort soos volg:

Hoë volume (bv. trekkerspuit)

Voeg die verlangde hoeveelheid AGRAL 90 (slegs winterreënvalstreek) of ADDIT by die spuitmengsel en sodra deeglik vermeng is, dien toe.

Lae volume (bv. vliegtuig)

Strooi die verlangde hoeveelheid GET-DOWN op die spuitmengseloppervlak waar die meeste roering voorkom. Voeg dan die verlangde hoeveelheid AGRAL 90 (slegs winterreëvalstreek) of ADDIT by en roer vir ten minste twee minute om 'n egalige mengsel te verseker voordat die spuitmengsel in die vliegtuig gepomp word.

NOTA: Verseker deeglike beroering van die spuitmengsel te alle tye.

Meng slegs voldoende spuitmengsel vir onmiddellike gebruik.

8. **TOEDIENING:**

8.1. **Grondtoediening:**

Gebruik 'n trekkergemonteerde balkspuit wat korrek gekalibreer is om ten minste 110-200 ℓ spuitmengsel per ha teen 'n konstante spoed en druk (100-200 kPa) te lewer. Vermy oorvleueling van spuitbane en oormatige toediening.

8.2. **Lugtoediening:**

Verseker 'n eenvormige en eweredige toediening van die spuitmengsel oor die teikengebied met minimum spuitstof verlies. Om dit te bereik moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- Gebruik slegs 'n vliegtuig wat korrek gekalibreer is.
- 'n Minimum spuitvolume van 30 ℓ per ha.
- 'n Minimum van 25-40 druppels per vierkante sentimeter moet herwin word op die teikengebied.
- Druppelspektrum VGD van 250-300 mikron.
- 'n Vlieghoogte van 3 m bo die teikengebied met 'n windspoed van 0-8 km per uur en 2 m met 'n windspoed van 8-15 km per uur. Staak lugbespuiting as windspoed bo 15 km per uur is.
- Staak lugbespuiting as die verskil tussen nat - en droëbollesings, soos aangedui deur 'n swaaihigrometer, groter as 8 ℃ is.
- Moet nie gedurende die hitte van die dag spuit nie.
- Herbespuit koppe van die land waar hindernisse voorkom.
- Gebruik spuitwydte wat toepaslik is vir die vliegtuig.

Verkry versekering van die lugbespuitingsoperateur dat bogenoemde vereistes nagekom sal word.

Verseker akkurate afmerking van die land.

TAFEL 1:
SPESIFIEKE TOEDIENINGSHOEVEELHEDE
WINTERREËVALSTREEK: KORING, GARS en HAWER
(WES en SUIDKAAP)

- Dien toe as 'n na-opkombespuiting waneer die gewas in die 2-5 blaarstadium is.
- Grondtoediening: Dien ten minste 200 ℓ spuitmengsel per ha toe.
- Lugtoediening: Dien ten minste 30 ℓ spuitmengsel per ha toe.
- Gevestigde onkruide wat nie deur voorafbewerking gedood is nie, en onkruide wat tekens toon van hergroei, sal nie beheer word nie.

1.1 Die volgende onkruidespesies word normaalweg beheer indien dit gespuit word vanaf saailingstadium tot die tyd van toediening soos aangedui.

DOSIS	BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	TYD VAN TOEDIENING
Grond - toediening 15 g **HARMONY® M** per ha plus 10 mℓ AGRAL 90 OF 100 mℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel	*Cenia turbinata* *Raphanus raphanistrum* *Sisymbrium thellungil* *Spergula arvensis*	Ganskos Ramenas Gewone wildemostert Sporrie	Na-opkom maar nie later as 3 weke na-opkom van onkruid nie.
Grond-toediening 30 g **HARMONY® M** per ha plus 10 mℓ AGRAL 90 OF 100 mℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel **Lug-toediening** 30g **HARMONY® M** per ha plus 15 g GET-DOWN plus 15 mℓ AGRAL 90 OF 150 mℓ ADDIT per 30 ℓ spray spuitmengsel	*Amsinckia menziesii* *Anagallis arvensis* *Cenia turbinata* *Chenopodium album* *Emex australis* *Frodium moschatum* *Foeniculum vulgare* *Eumaria muralis* *Oxalis pescaprae* *Pentzia grandiflora* *Pentzia suffruticosa* *Polygonum aviculare* *Raphanus raphanistrum* *Sisymbrium thellungii* *Spergula arvensis* **Vicia hirsuta*	Vioolnek Pimpernel Ganskos Withondebossie Kaapse dubbeltjie Turknael Vinkel Duiwekerwel Geelsuring Stinkkruid Karoobossie voelduisendknoop Ramenas Gewone wilde mostert Sporrie Klein perswieke	Onder risiko toestande soos beskryf onder 3.4 moet nie later as 2 weke na-opkom van onkruid toegedien word nie Na-opkom maar nie later as 4 weke na-opkom van onkruid nie.

* Die lang ontkiemingsperiode van hierdie onkruid veroorsaak dat sommige plante na toediening van **HARMONY® M** sal opkom. Hierdie plante wat na die toediening van **HARMONY® M opkom,** sal nie beheer word nie.

1.2 Onkruide wat onderduk word deur 30 g **HARMONY® M** per hektaar:

Lolium spp	Raaigras
Arctotheca calendula	Soetgousblom

TAFEL 2:
SPESIFIEKE TOEDIENINGSHOEVEELHEDE
SOMERREËNVAL GEBIED: KORING
(TRANSVAAL EN NOORD-KAAP BESPROEIINGSGEBIEDE EN O.V.S.)

- Dien toe as 'n na-opkombespuiting waneer die gewas in die 2-5 blaarstadium is.
- Grondtoediening :Dien ten minste 110-200 ℓ spuitmengsel per ha toe.
- Lugtoediening :Dien ten minste 30 ℓ spuitmengsel per ha toe.
- Gevestigde onkruide wat nie deur voorafbewerking gedood is nie, en onkruide wat tekens toon van hergroei, sal nie beheer word nie.

2.1 Die volgende onkruidespesies word normaalweg beheer indien dit gespuit word vanaf saailingstadium tot groeistadium soos aangedui. Indien onkruide later as die optimumstadium bespuit word sal slegs onderdrukking plaasvind.

DOSIS	BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM	TYD VAN TOEDIENING
Grond - toediening: 15 g **HARMONY® M** per ha plus 1,0 ℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel.	*Amaranthus spp* *Bidens pilosa* **Bilderdykia convolvulus* *Chenopodium album* *Datura ferox* *Polygonum aviculare* *Raphanus raphanistrum*	Misbredie Knapsekêrel Slingerduisendeknoop Withondebossie Groot stinkblaar Voëlduisendknoop Ramenas	2-3 blaar 2-3 2-3 2-3 2-3 2-3 2-3
Grond-toediening: 20 g **HARMONY® M** per ha plus 1,0 ℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel.	*Amaranthus spp* *Bidens pilosa* **Bilderdykia convolvulus* *Chenopodium album* *Datura ferox* *Lepidium brassiceae* *Melilitus indica* *Polygonum aviculare* *Raphanus raphanistrum*	Misbredie Knapsekêrel Slingerduisendknoop Withondebossie Grootstinkblaar Peperbossie Eenjarige geel stinkklawer Voëlduisendknoop Ramenas	3-4 3-4 3-4 3-4 3-4 3-4 3-4 3-4 3-4
Grond - toediening: 25 g **HARMONY® M** per ha plus 1,0 ℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel.	*Amaranthus spp* *Bidens pilosa* **Bilderdykia convolvulus* *Chenopodium album* *Datura ferox* *Lepidium brassiceae* *Melilotus indica* *Polygonum aviculare* *Raphanus raphanistrum* *Schkuhria pinnata*	Misbredie Knapsekêrel Slingerduisendeknoop Withondebossie Groot stinkblaar Peperbossie Eenjarige geel stinkklawer Voëlduisendknoop Ramenas Klein kakiebos	2-5 2-5 2-5 2-5 2-5 2-5 2-5 2-5 2-5 2-4

Grond - toediening: 27,5 g **HARMONY® M** per ha plus 1,0 ℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel. **Lugtoediening:** 30g **HARMONY® M** per ha plus 50 g Get Down/100 ℓ spuitmengsel plus 1,0 ℓ Addit/100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel.	*Amaranthus spp* *Amsinckia calycina* *Anagallis arvensis* *Bidens spp* **Bilderdykia convolvulus* *Chenopodium spp* *Convolvulus arvensis* *Conyza spp* *Datura ferox* *Emex australis* *Euphorbia helioscopia* *Galinsoga parviflora* *Ipomoea purpurea* *Lepidium brassiceae* *Melilotus indica* *Physalis angulata* *Polygonum aviculare* *Raphanus raphanistrum* *Rumex angiocarpus* *Schkuhria pinnata* *Sonchus oleraceus* *Spergula arvensis* *Tagetes minuta* *Tribulus terrestris*	Misbredie Vioolnek Pimpernel Knapsekerel Slingerduisende-knoop Hondebossie Akkerwinde Skraalhans Stinkblaar Kaapse dubbeltjie Sambreelmelkkruid Knopkruid Purperwinde Peperbossie Fenjarige geel stinkklawer Wilde appelliefie Voelduisendknoop Ramenas Steenboksuring Klein kakiebos Sydissel Sporrie Kakiebos Dubbeltjie	2-6 blaar 2-6 2-6 2-6 2-6 2-6 2-6 2-4 2-6 2-4 2-4 2-4 2-6 2-6 2-6 2-6 2-6 2-4 2-6 2-6 2-6 2-4 2-3
Grond-toediening: 30g **HARMONY® M** per ha plus 1 ℓ ADDIT per 100 ℓ spuitmengsel of 50-100 mℓ Armoblen 650/100 ℓ spuitmengsel of 500 mℓ BP Agripron Super/100 ℓ spuitmentsel.	*Helianthus annuus* *Glycine max*	Opslag sonneblom Opslag sojaboon	2-4 2-4

* Vir bevredigende beheer van *Bilderdykia convolvulus* gebruik ten minste 200 liter spuitmengsel per ha.

2.1 **Onkruide wat onderdruk is deur 27,5 - 30,0 g HARMONY® M per ha.**

Portulaca oleracea	Porslein	(Slegs 2-4 blaarstadium)
Oenothera spp	Nagblom	(Slegs 2-4 blaarstadium)

2.3 **Onkruide wat nie beheer word nie**

Argemone subfusiformis	Witblom bloudissel

2.4 **Nawerking**

HARMONY® M teen 15,0 g tot 25,0 g per ha het geen nawerking op onkruide onder 2.1.

HARMONY® M teen 27,5 g tot 30 g per ha het geen nawerking op die volgende onkruide nie:-

Datura spp.	Stinkblaar
Helianthus annuus	Opslag sonneblom
Glycine max	Opslag sojaboon

ERKENNING VAN HANDELSMERKE:

HOELON en PUMA SUPER	- Bayer (Pty) Ltd
LORSBAN	- Dow AgroSciences
GET-DOWN	- Airflow Systems
ADDIT, AGRAL, IMPACT, VIGIL and GRASP	- Syngenta
KELPAK	- Kelp Products (PTY) LTD.
METASYSTOX and BAYLETON	- Bayer (Pty) Ltd
BLADBUFF	- Plaaskem (Pty) Ltd
TILT	- Syngenta
SPORTAK	- Bayer (Pty) Ltd
EKATIN	- Syngenta
ARMOBLEN	- Akzo Chemicals
H & R AGRIPRON SUPER	- H & R GSP (Pty) Ltd